Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

1. Alif, Lam, Ra. Hierdie is verse van die Wyse Boek, die Koran.

2. Is dit verrassend vir mense dat Ons aan iemand vanuit hul geledere openbarings gegee het en gesê het: “Waarsku die mensdom en gee blye nuus aan diegene wat glo dat hulle 'n volmaakte plek gaan hê by hulle Skepper, Voorsiener en Onderhouer.” Die ongelowiges het gesê: “Hy is definitief 'n openlike towenaar.”

3. Waarheid is egter, jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer is Allah, wat die hemele en die aarde in ses dae geskape het, waarna Hy, Sy plek op die Troon ingeneem het vanwaar Hy die hele Heelal bestuur. Daar is niemand wat vir 'n ander kan intree, of as bemiddelaar kan optree nie, behalwe met Sy toestemming. Dit is Allah, julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer. So aanbid Hom. Sal julle dan steeds nie hierop ag slaan en hierdeur gewaarsku wees nie?

Almal sal terugkeer na die Skepper

4. Na Hom toe sal julle almal terugkeer: en hierdie belofte van Allah is die waarheid. Waarlik net soos wat Hy die oorsprong van die skepping is, net so sal Hy sal Hy dit weer herskep sodat Hy elkeen met geregtigheid kan beloon wat glo en goeie dade doen. Vir diegene egter wat nie glo nie is daar kokende water om te drink en 'n pynlike straf omdat hulle nie geglo het nie.

5. Hy is die Een wat die son gemaak het om te gloei en die maan om lig gee, en Hy het vir dit fases vasgestel, sodat jy daardeur die jare kon tel en tyd kon bereken. Allah het dit alles nie sommer so sonder rede gemaak nie, maar daar is groot wysheid in asook baie voordele: dit vertel die waarheid aan mense met rede en insig.

6. Waarlik, in die wisseling van nag en dag en in dit wat Allah geskape het in die hemele en op die aarde, is daar tekens vir 'n volk wat 'n heilige ontsag en respek vir Allah het.

Die ontmoeting met Allah wat wag!

7. Wat betref diegene wat nie daarin glo dat hulle Ons gaan ontmoet nie, en wie gelukkig is met die lewe van hierdie wêreld en heel tevrede is met dit, en diegene wat nie ag slaan op Ons tekens nie,

8. hulle is diegene wie se woonplek die Vuur is as gevolg van dit wat hulle vir hulleself verdien het.

9. Wat betref diegene wat geglo het en goeie dade gedoen het, hulle Skepper, Voorsiener en Onderhouer sal hulle lei op grond van die deugsaamheid van hulle geloof, en riviere sal onderdeur hulle vloei in die Tuine van Geluksaligheid.

10. Hulle gebed daar sal wees: “Rein is U, o my Allah” en hul groet daar sal wees: “Salaam... Vrede vir U*.” En die einde van hulle groet sal wees: “Alle Lof kom Allah toe, die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van die wêrelde.” (*K33:44)

Diegene wat uitdagend is ten opsigte van die straf waarteen hulle so gewaarsku word

11. As Allah die straf moes verhaas waartoe hulle Ons so uitdaag, teen dieselfde tempo as wat Hy gebede van die wat goed doen beantwoord, dan sou hulle tyd hier op aarde lankal oor gewees het. Ons los dus eerder diegene wat nie daarin glo dat hulle Ons gaan ontmoet nie, om blindelings in hulle opstand rond te dwaal.

Dieselfde uitdagers kan ook maar vinnig bid en vergeet om erkentlik te wees na afloop van die krisis

12. Maar wanneer swaarkry hierdie selfde persoon tref, dan bid hy tot Ons sonder ophou of hy nou lê, sit of staan. Later, wanneer ons die swaarkry van hom wegneem, dan loop hy weg so asof hy nooit tot Ons gebid het tydens enige swaarkry nie. Dit is hoe mooigemaak die optrede van die oortreders vir hulleself lyk.

13. Feit is dat Ons hele geslagte voor julle vernietig het toe hulle oortree het, nadat hulle Boodskappers met duidelike bewyse na hulle toe gekom het. En hulle nie geglo het nie. Dit is hoe Ons die skuldiges straf.

Verteenwoordiging van Allah 'n toets

14. En Ons het julle as verteenwoordigers op die aarde aangestel sodat ons kon sien hoedat julle sou reageer.

15. En wanneer ons verse duidelik en verstaanbaar aan hulle voorgedra word, dan sê diegene wat nie daarin glo dat hulle Ons gaan ontmoet nie: “Bring vir ons 'n ander Koran as hierdie een of bring veranderings daarin aan.” Sê vir hulle: “Ek kan nie op my eie veranderings in die Koran aanbring nie. Ek volg niks anders na nie as net dit wat aan my geopenbaar was. Ek is baie bang vir die straf van 'n verskriklike dag indien ek ongehoorsaam sou wees aan my Skepper, Voorsiener en Onderhouer.”

16. Sê verder vir hulle: “Indien dit die Wil van Allah was sou Hy nie dat ek die verse van die Koran aan julle voorgedra het nie, en Hy sou ook nie dat julle daarvan kennis neem nie. Dink net vir 'n oomblik: vir jare het ek tussen julle gebly sonder dat ek 'n woord hiervan gesê het en skielik begin ek om prosa aan julle voor te dra wat nie deel van my natuur is nie, en julle ken my en weet dat ek nie leuens opmaak nie.”

17. En wie kan nou meer sondig wees as iemand wat 'n leuen teen Allah fabriseer deur enige verklaring wat Hy nie gemaak het nie aan Hom toe te dig of Sy bewyse belieg en belaster deur te ontken wat inderwaarheid Sy Woord is. Feit van die saak is dat die skuldiges net eenvoudig nie suksesvol is nie.

18. Hulle aanbid naas Allah, dit wat hulle geen skade kan aandoen nie en ook nie kan help nie, en dan sê hulle: "Hierdie is ons bemiddelaars by Allah, hulle doen vir ons voorspraak." Sê vir hulle: "Lig julle Allah in oor wat Hy nie weet van wat bestaan in die hemele en op die aarde nie?" Rein is Hy, en vêr verhewe bokant dit wat hulle as aan aan Hom toeskryf.

Nasionaliteit in die Koran is gebaseer op Geloof of Ongeloof

19. Aan die begin was daar net een gemeenskap van mense wat in 'n enige God geglo het: die verskille het later gekom toe hulle begin afwyk het ten opsigte van suiwer monoteïsme. En indien dit nie was dat jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer verklaar het dat hy nie sal straf alvorens daar genoegsame bewyse is nie, en alvorens 'n vasgestelde termyn verstryk het nie, sou Allah reeds finale uitspraak in hierdie aangeleentheid gelewer het. (K64:2)

Een van die vereistes van Geloof is Wag!

20. Hulle sê: "Hoekom is dit dat geen bewyse in die vorm van wonderwerke deur Sy Skepper, Voorsiener en Onderhouer aan Hom gegee was nie, sodat ons seker kan wees hy is wie hy sê?" Sê vir hulle: "Die Ongesiene is slegs vir Allah om te sien. Julle sal maar moet wag. Ek is ook ook maar in afwagting soos julle."

21. En wanneer Ons uit genade verligting bring aan die mens nadat hy deur een of ander teëspoed getref was, kyk dan net wat maak hulle! Dan beraam hulle planne teen ons Verse om die geopenbaarde Woord te ontken en die genade van Allah as toeval af te maak in plaas daarvan om juis dan te glo. Sê vir hulle: "Allah is nog vinniger in die beraam van planne so moenie deur die skynbare vertraging in die straf van Allah mislei word nie: Hy gee julle net grasie." Maar, Ons boodskappers, die engele, hou rekord van alles wat julle beplan.

22. Hy is die Een wat julle in staat stel om te reis op land en op die see, ook wanneer julle in bote is wat met almal aan boord lekker rustig met 'n kalm wind voort seil en daar dan 'n woeste wind opsteek en die golwe van alle kante oor die bote breek. En wanneer hulle dan baie benoud besef dat die storm hulle gaan oorweldig, dan bid hulle tot Allah, met geloof in Hom alleen, en sê: "As U ons tog net uit hierdie krisissituasie uithelp, sal ons U vir ewig dankbaar wees en U alleen aanbid."

23. Maar wanneer Hy hulle dan uit hul benarde situasie uithelp, begin hulle daar en dan om om die aarde oor in opstand te kom deur maar weer terug te keer na hulle ou maniere van doen en glo asof hulle nooit in gevaar was en nooit 'n belofte gemaak het nie. Ag mense, julle opstand is inderwaarheid teen julleself. Dit is niks anders nie as net maar genieting van hierdie aardse lewe wat so gou verby gaan. En wanneer dit alles verby is, gaan julle na Ons toe terugkeer, wanneer Ons vir julle sal vertel wat julle gedoen het.

24. Hierdie aardse lewe is net soos die reën wat ons uit die hemele afstuur, en net soos die plante van die aarde wat deur mens en dier geëet word en wat Ons laat groei, totdat die aarde in volle prag te pragtig versier is, en die bewoners van die aarde onder die indruk raak dat hulle volle beheer daaroor het. Totdat Ons een nag of op 'n dag 'n opdrag aan dit gee, en Ons dit in stoppels verander asof dit nooit net die vorige dag nog so mooi was nie. Dit is hoe ons verse verduidelik aan 'n volk wat daaroor nadink.

Die Paradys en besoek aan Allah

25. En Allah nooi wie Hy Wil uit na die Woonplek van Vrede en lei wie Hy Wil op die regte weg om volgens Sy Wil te lewe.

26. Vir diegene wat goed doen,* is daar die beste, die Paradys, en selfs meer: 'n besoek aan Allah. Nie donker of skande sal hul gesigte bedek nie. Daardie is die mense van die Paradys. Hulle sal vir ewig daarin woon. (K21:101)

27. Wat betref diegene wat allerhande bose dinge doen, die vergelding vir elkeen van daardie bose sal ooreenstemmend wees, en hulle sal bedek wees met skande. Daar is niemand wat hulle van Allah sal kan red nie. Dit lyk of hulle gesigte bedek is met lae van 'n donker nag. Daardie is die mense van die Vuur. Hulle sal vir ewig daarin lewe.

28. En moenie vergeet van die dag waarop ons hulle bymekaar sal maak nie. Op daardie dag sal Ons aan diegene wat vennote met Allah geassosieer het sê: "Wag net daar waar julle is, julle en julle gode wat julle met Allah geassosieer het." Dan sal Ons verdeeldheid tussen hulle en hulle gode veroorsaak, en hulle assosieer-gode sal sê: "Dit is nie ons wat julle aanbid het nie.

29. Allah is genoeg getuie tussen ons en julle. Ons was verseker onbewus van julle aanbidding."

30. Daarop sal elkeen bepaal en beoordeel wat hy vooruit gestuur het, waarna hulle teruggestuur sal word na Allah toe, hul ware Skepper, Voorsiener en Onderhouer, vir die finale beoordeling en beloning, en die leuens wat hulle altyd so saamgeflans het sal vir hulle verlore wees.

31. Vra vir hulle: "Wie onderhou julle vanuit die hemele en op die aarde met alles wat julle nodig het? Of wie beheer die magte van hoor en sien? En wie bring die lewende voort uit die dode en wie bring die dode voort uit die lewende? En wie bestuur alles?" Dan sal hulle antwoord: "Allah." Sê dan vir hulle: "Sal julle dan nie juis daarom 'n heilige ontsag en respek vir Allah hê nie?"

32. So, die Wese wie se kenmerke nou pas genoem is, dit is Allah, julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer in waarheid. En noudat julle die waarheid gevind het, dan bly daar mos niks anders oor om van te kies nie as net foute en leuens. Waar dan word julle mislei: dit is mos sinneloos om die waarheid te verruil vir 'n foutiewe keuse?

33. Dit is hoe die Woord van jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer wat hulle nie wil glo nie, vasgestel word teen diegene wat sonde gedoen het.

Wie is die Skepper en Herskepper

34. Vra vir hulle: "Is daar enigeen van julle assosieer-gode wat die skepping kan inisieer en dit weer kan herhaal?" Sê dan vir hulle: "Allah het die skepping geïnisieer en dit weer herhaal." Waar raak julle dan nou die spoor byster?

35. Vra verder vir hulle: "Is daar enigeen van julle assosieer-gode wat mense na die waarheid toe kan lei." Sê dan vir hulle: "Allah lei na die waarheid toe. Is Hy dan wat na die waarheid begelei meer waardig om gehoorsaam te word of is hy wat geen leiding het , anders as dit waarmee hy gelei is nie? So wat is fout met julle? Hoe beoordeel julle dan dinge?"

36. Meeste van hulle volg niks anders na nie as net vermoedens en veronderstellings. Vermoedens en veronderstellings is tog sekerlik in elk geval nie genoegsame bewys teen die waarheid nie. waarlik, Allah is ten volle bewus van wat hulle doen.

Die Koran is 'n unieke geskrif

37. Hierdie Koran is nie sodanig dat dit deur enigiemand anders as Allah gemaak sou kon word nie. Maar dit is 'n bevestiging van wat dit wat voor dit daar was, 'n uitbreiding op dit wat voorheen geskrywe was. Daar bestaan geen twyfel daarin nie. Dit is van die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van die wêrelde af.
38. Of sê hulle dat hy dit opgemaak het? Sê vir hulle: "Goed, bewys nou dat julle reg is deur 'n soortgelyke Hoofstuk as wat in die Koran is voort te bring: en julle kan enigiemand anders as Allah roep om julle te help."

39. Maar hulle het dit waarvan hulle geen deeglike kennis het nie belieg en belaster, terwyl die volle implikasies daarvan nog nie tot hulle deurgedring het nie. Die volke voor hulle het Ons Boodskappers net so belieg en belaster. So kyk wat was die uiteinde van daardie sondige volke.

40. Onder hulle is daar diegene wat daarin glo, en diegene wat nie daarin glo nie. Jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer het die beste kennis oor die kwaaddoeners.

Elke mens is vir sy eie dade verantwoordelik

41. En wanneer hulle jou belieg, sê dan vir hulle: "Ek sal doen soos wat ek glo reg is, en julle kan doen soos wat julle glo reg is. Julle is nie verantwoordelik vir wat ek doen nie, net so is ek nie verantwoordelik vir wat julle doen nie." (K8:58 & K21:109)

Slegs Allah kan die begrip en die insig bring

42. En onder hulle is daar diegene wat na jou luister. Sal jy dan die dowes maak hoor, selfs al het hulle 'n gebrek aan begrip?: of hulle dus hoor en begryp word deur Allah bepaal, die Een wat op die regte Weg lei, nie deur jou of hulleself nie.

43. En onder hulle is daar diegene wat na jou kyk. Sal jy dan die blinde lei selfs al het hulle geen insig nie?: of hulle dus kyk en insien word deur Allah bepaal, die Een wat op die regte Weg lei, nie deur jou of hulleself nie.

44. Waarlik, Allah doen niemand enige kwaad aan nie, maar die mense benadeel hulleself.

Die dood sal soos 'n kort rukkie voel

45. Die dag wanneer Ons hulle gaan byeenbring, op die Oordeelsdag en die Opstandingsdag wanneer Ons hulle uit die grafte sal laat opstaan, en hulle mekaar herken, sal dit vir hulle voel asof daar net 'n kort breukdeel van 'n dag verloop het sedert hulle mekaar laas gesien het. Die verloorders is voorwaar diegene wat ontken dat hulle Allah ooit van aangesig tot aangesig sal ontmoet, en hulle is nie op die regte weg nie, en lewe nie binne die Wil van Allah nie.

46. So, dit maak nie saak of Ons hulle nou hier straf om vir julle te wys hoe dit lyk waarteen Ons hulle waarsku, en of Ons julle voor dit na Ons toe terugneem nie, hulle moet in elk geval na Ons toe terugkeer. Dan sal Allah namens julle getuie wees van wat hulle gaan maak.

47. En vir elke volk is daar 'n Boodskapper. So, wanneer hulle Boodskapper op die Opstandingsdag kom om hulle te verteenwoordig, sal die aangeleentheid tussen die volk en hulle Boodskapper met geregtigheid beslis word, sodat hulle nie enige onreg aangedoen word nie.

48. En hulle vra: “Wanneer sal hierdie belofte vervul word as jy die waarheid praat?”

49. Antwoord hulle: “Ek het nie die mag om myself te benadeel of te bevoordeel nie, behalwe vir dit wat Allah Wil nie. Vir elke volk is daar 'n vasgestelde tyd. Wanner hulle tyd aanbreek, sal hulle nie 'n oomblik te laat of te vroeg wees nie.”

50. Vra vir hulle: “Sê vir my, indien Sy straf julle gedurende die nag of die dag sou oorkom, watter deel daarvan is dit wat julle graag sou wou hê moet verhaas word?”

51. Dink julle dalk dat julle gou sal glo, en dat dit aanvaar sal word op die oomblik wanneer die goddelike straf julle oorval? Dan eers? Dan wil julle glo nadat die tyd om te glo reeds verby is? En julle het gevra dat dit gouer moet kom, terwyl as dit julle gouer sou oorval julle berou in elke geval nie aanvaar sal word nie!

52. Dan sal aan die sondaars gesê word: “Voel nou hoe voel die straf wat vir ewig gaan aanhou. Julle sal slegs gestraf word vir dit wat julle verdien het.”

Sowaar, die Opstanding is 'n werklikheid

53. En hulle wil hê dat jy aan hulle sal vertel of dit waar is. Sê vir hulle: “Ja, sowaar as my Skepper, Voorsiener en Onderhouer, dit is waar. En julle kan nie Sy plan frustreer of verydel nie.”

54. Al sou almal wat verkeerd gedoen het alles besit het wat daar op die aarde is, sou dit nie as losprys aanvaar word nie. En sodra hulle die straf sien sal hulle nie hul berou kan wegsteek nie. Dan sal die aangeleentheid tussen hulle met geregtigheid beslis word, en hulle sal regverdig behandel word en nie benadeel word nie.

55. Kyk! Aan Allah behoort alles wat daar in die hemele en op die aarde is. Kyk! Allah se belofte is sekerlik waar, maar meeste van hulle besef dit nie.

56. Hy gee lewe en bring die dood, en na Hom sal julle almal terugkeer.

Vers 57 noem vier eienskappe en kenmerke van die Koran

57. Neem kennis alle mense, hier is vir julle raad vanaf julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer wat bedoel is om julle harte sag en ontvanklik te maak sodat julle behoefte na Allah sal toeneem, en 'n genesing vir die geestelike en fisiese siektes wat in julle harte is, asook leiding en begeleiding na die regte Weg om binne die Wil van Allah te lewe en genade vir die gelowiges deurdat hulle die Koran kan ken en daarvolgens kan lewe.

58. Sê aan hulle: “Ek beveel julle om bly te wees met 'n blydskap wat gegrond is in die guns wat Allah julle gedoen het deur die Koran vir julle te gee, en in Sy genade, wat vervat is in Islam, en nie met 'n blydskap wat gegrond is in triomf, plesier of bedwelming nie.” Dit is vêr beter as dit wat hulle vir hulleself hier op aarde bymekaargemaak het.

Persoonlike opinie het nie 'n plek in wat Rein of Onrein is nie

59. Vra vir hulle: “Sê vir my: wat ook al Allah vir julle gegee het om van te eet, julle het sekere van dit as wettig eetbaar en ander as onwettig en nie eetbaar nie geïdentifiseer, reg?” Vra verder vir hulle: “Is dit gegrond op wat Allah julle toegelaat het of is dit gegrond op gefabriseerde leuens oor wat Allah nooit gesê het nie?”

60. En wat is die aannames wat die mense wat leuens fabriseer, maak ten opsigte van die Oordeelsdag. Allah is waarlik genadig teenoor mense maar meeste van hulle is nie dankbaar nie.

Onse Allah weet alles van ons af

61. Mohammed, jy is onder die beskerming van Allah, so jou vyande kan jou geen skade berokken nie: hou moed en weet dat in watter toestand jy ook al is, en watter deel van die Koran jy ook al resiteer, en watter werk elke ander mens ook al doen, Ons is teenwoordig by julle wanneer julle daarmee besig is. Niks is weggesteek wat julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer nie sien nie, selfs nie soveel as die kleinste partikel van die aarde of die hemele nie. En daar is niks wat nie in die duidelike Boek, Bewaarde Tablet, is nie, klein of groot.

Die beste nuus vir die vriende van Allah

62. Luister, die vriende van Allah sal nie enige vrees hê vir onaangename of onvoorsiene gebeure nie, of ontsteld wees oor onvervulde doelwitte nie,

63. dit is nou diegene wat geglo het, en 'n heilige ontsag en respek vir Allah het.

64. Vir hulle is daar die goeie nuus ten opsigte van hierdie aardse bestaan in die vorm van eie of ander se goeie drome met profetiese waarde of dat Moslems sonder rede van iemand hou en as goed waardeer en die goeie nuus ten opsigte van die Hiernamaals: dit is die bevestiging aan 'n gelowige net na afsterwe en met die Opstanding dat 'n persoon in die Paradys opgeneem sal word. Hierdie woorde en belofte staan vas en kan nie verander nie, verbreek word nie en sal nie tekortskiet nie. Dit is inderdaad die grootste denkbare vorm van sukses en prestasie.

65. Mohammed, moenie ontsteld word deur dit wat die afgodedienaars sê nie. Waarlik alle mag behoort aan Allah. Hy is die Alhorende, die Alwetende.

66. Luister, aan Allah behoort almal wat in die hemele en op die aarde is. Wat is dit dus eintlik wat hierdie mense wat hul assosieergode naas Allah aanroep, navolg? Hulle volg niks anders na nie as giere en doen niks anders nie as die maak van veronderstellings.

67. Allah is die Een wat vir julle die nag gemaak het, sodat julle daarin kan rus, end die dag sodat julle kan sien. En daar is inderdaad bewyse daarin vir 'n volk wat luister.

Die gefabriseerde leuen dat Allah 'n seun gekry het

68. Hulle sê: “Allah het 'n seun gekry.” Rein is Allah. Hy is Selfgenoegsaam en is vry van alle behoeftes. Aan Hom behoort dit wat in die hemele en op die aarde is. Julle het geen bewys vir julle aansprake nie. Beweer julle dinge oor Allah waarvan julle niks weet nie?

69. Sê vir hulle: “Diegene wat leuens oor Allah fabriseer sal nie voorspoedig wees nie.”

70. Na die genietinge van hierdie wêreld wat maar van korte duur is, sal hulle na Ons terugkeer, waarna Ons hulle die ergste straf sal laat voel, omdat hulle ongelowig gewees het.

Die verwerping van Noag

71. En vertel vir die ongelowiges onder die Koereisj die verhaal van toe Noag vir sy volk gesê het: “My volk, indien julle aanstoot neem omdat ek by julle bly en aan julle raad gee deur middel van die boodskap van Allah, dan plaas ek nou maar my vertroue in Allah en maak dit nou nie meer vir my saak wat julle dink nie, want ek kan nie ophou om julle uit te nooi om die openbaring van Allah te glo nie. So, besluit dan nou saam met julle afgode en beelde, die wat julle as vennote naas Allah stel, wat julle te doen staan, sodat wat julle ook al besluit julle dit nie later sal berou nie. Doen dan wat julle sou besluit en moenie oor my bekommerd wees en julle planne ter wille van my aanpas nie.

72. So, indien julle nie na my luister nie, en die boodskap wat ek julle gebring het belieg en belaster en kies om nie gehoorsaam te wees nie, onthou dat my raad gratis was en dat ek julle nie om 'n beloning gevra nie. My beloning is by niemand anders as by Allah nie, en ek is beveel om een van diegene te wees wat hulleself aan Allah onderwerp.”

73. Toe kies die volk om Noag te belieg en te belaster, waarna Ons hom en diegene wat saam met hom in die Ark was, gered het. Hulle het Ons vir hulle opvolgers gemaak deurdat ons hulle wat Ons boodskap belieg en belaster het, laat verdrink het. So, kyk en sien wat was die lot van diegene wat gewaarsku was: hoe Ons die wat geglo het, gered het en die wat gekies het om nie te glo nie, vernietig het.

74. Na Noag het ons nog Boodskappers na hulle eie volke toe gestuur, wat na hulle toe gekom het met duidelike bewyse en 'n duidelike boodskap, maar hulle kon nie glo in dit wat hulle vroeër belieg en belaster het nie. Dit is hoe Ons die harte van die oortreders verseël.

Moses en Aaron

75. Na hulle het Ons vir Moses en Aaron met Ons Boodskap na Farao en sy groep mense toe gestuur, maar hulle was arrogant. En hulle was waarlik 'n skuldige volk.

76. So, toe die Waarheid nou van Ons af aan hulle oorgedra is, het hulle gesê: “Hierdie is nou uit en uit towerkuns.”

77. Moses sê toe: Is dit wat julle van die Waarheid sê wanneer dit aan julle voorgehou word? Is dit towerkuns terwyl die towenaars wat julle geroep het, nie suksesvol was nie?

78. Hulle sê toe: “het julle na ons toe gekom om ons te probeer oortuig dat dit was ons vaders geglo het nie korrek was nie, en dat julle die enigste mense op hierdie hele aarde is wat reg is? Ons gaan nie in julle glo nie.”

79. Toe sê Farao: “Bring elke kundige towenaar hier na my toe.”

80. So, toe die towenaars opdaag, sê Moses vir hulle: “Gooi wat julle het om te gooi.”

81. En toe hulle gooi, sê Moses: “Wat julle mee vorendag gekom het, is towerkuns. Allah gaan dit van nul en gener waarde maak. Dit is verseker so dat Allah nie die werk van kwaaddoeners in stand laat hou nie.”

82. En Allah vestig die waarheid deur Sy Woorde, selfs al hou die skuldiges nie daarvan nie.

83. Toe, uit vrees dat Farao en sy groep mense hulle dalk sou vervolg, het niemand in Moses geglo nie, behalwe vir 'n paar van hulle kinders. Dié Farao was 'n arrogante tiran wat alle perke oorskry het.

84. Toe het Moses gesê: “Om my volk, as julle waarlik in Allah glo en as julle waarlik Moslems wat by implikasie julleself aan Allah onderwerp het, plaas dan julle vertroue in Hom.”

85. Daarop het die volk geantwoord en gebid: “In Allah het ons, ons vertroue geplaas: O onse Skepper, Voorsiener en Onderhouer, moenie dat hierdie sondige volk van Farao ons leed aandoen en verniel nie,

86. en wees ons genadig, ja red ons uit genade, van hierdie ongelowige mense.”

Omdat Farao hulle Sinagoges verwoes het, moes hulle nuwe huise bou om in te aanbid: 'n spesiale toegewing en opdrag deur Allah vir 'n spesiale krisis

87. Toe het Ons aan Moses en sy broer 'n openbaring gegee: “Gaan gee hierdie goeie nuus vir die gelowiges: As 'n spesiale reëling terwyl julle in Egipte is, moet julle, jul huise so inrig dat dit vir julle Aanbiddingsplekke kan wees, waar julle kan begin om in die geheim te Aanbid.”

Moses het alle hoop verloor om die Farao en sy mense hervorm te kry

88. Moses bid toe namens Aaron ook tot Allah: “O my Skepper, Voorsiener en Onderhouer, U het aan Farao en sy mense prag, glans, luisterrykheid en rykdom gegee hier op aarde met hulle goudmyne, silwer en edelstene, wat vir gewone mense baie aantreklik is en hulle laat twyfel oor of die Farao en sy mense regtig verkeerd kan wees as ongelowiges, en waarmee die mense dan van U weg af verlei en mislei word sodat hulle nie meer binne U wil lewe nie. Ag my Skepper, Voorsiener en Onderhouer, ek is so teleurgesteld in hulle en ek het so 'n haat in hulle twyfel en ongelowigheid dat ek wil vra dat U hulle rykdom tot niet sal maak en hulle harte sal verhard sodat hulle nie sal kan glo nie al wil hulle ook skielik wanneer hulle die pynlike straf sien aankom.”

Ten spyte van die feit dat Allah hulle gebed eers na 40 jaar laat waar word het, het Allah hulle gevra om te bly glo en te wag

89. Toe het Allah geantwoord: “Moses en Aaron, julle gebedsversoek is toegestaan: so nou moet julle in geloof vashou daaraan dat ek vir julle gaan gee wat julle gevra het. Gaan voort met julle sending om mense na die ware geloof toe uit te nooi, maar as dinge nou nie so vinnig gebeur soos julle gehoop het nie, moenie in die verleentheid raak nie, en moenie teleurgesteld of haastig, soos die onkundiges, raak nie.”

En toe breek die dag van gebedsuitvoering aan

90. Daarna het Ons die kinders van Israel die see laat oorsteek. So het Farao en sy troepe toe met vyandigheid agter hulle aangejaag ten spyte van die ooreenkoms waartoe hy homself verbind het. En net toe hy op die punt gestaan het om te verdrink, toe sê Farao: “Ek glo dat daar geen god is as die Een waarin die kinders van Israel glo nie, en ek is een van die wat myself onderwerp.”

91. Wil jy **nou** skielik glo, terwyl jy die hele tyd tot hiertoe opstandig was en gerebelleer het, en een van die kwaaddoeners was?

=Om wanneer jy die dood in die oë staar skielik jou geloof te wil verklaar is te laat omdat die wette van die Hiernamaals reeds dan in werking getree het: so ook kan uitsprake in seniliteit nie 'n leeftyd van geloof ongedaan maak nie: Allah weet die beste.

92. So, Farao, vandag sal Ons jou dooie liggaam bewaar laat bly deur 'n golf van die see dit te laat uitspoel, sodat dit as 'n bewys kan dien vir diegene wat na jou kom. En baie van die mense gaan onverantwoordelik om met die Boodskap en Bewyse wat Ons gee.

93. Daar het Ons toe waarlik vir die kinders van Allah 'n plek wat in alle opsigte geskik was vir hulle gegee om te woon, en hulle van al die goeie dinge voorsien wat hulle nodig gehad het om van te lewe, alles wat rein en wettig was. En daar was geen onsekerheid en geskille nie, totdat hulle kennis vir hulle 'n struikelblok geword het. Waarlik Allah sal met die Oordeelsdag besluit wie reg was ten opsigte van dit waaroor hulle verskil het.

94. Mohammed, indien jou toehoorders in vertwyfeling is oor dit wat Ons aan jou geopenbaar het, en of jy waarlik een van My boodskappers is, laat hulle dan diegene vra wat die Boek: die Wet en die Evangelie, wat voor julle tyd geopenbaar was, gelees het, om te help, deur te vertel van die voorspelling wat die Boek aangaande jou, bevat het. Waarlik, waarheid het na julle toe gekom vanaf julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer, so moet nooit een van diegene wees wat agterdogtig en wantrouig is nie.

95. Moet ook nooit een van die wees wat ons Boodskap en Bewyse belieg en belaster het nie, tensy jy een van die verloorders wil wees.

96. Dit is ook so dat diegene teen wie die Woord van jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer reeds 'n beslissing gemaak het, nie sal glo nie,

97. selfs al kom elke moontlike Boodskap en Bewys ook tot hulle, totdat hulle vir hulleself die pynlike straf sal sien.

Maar hoekom dan nie betyds glo nie!

98. So, die vraag is nou, hoe is dit moontlik dat daar nooit 'n dorp was wat betyds kon geglo het sodat hulle geloof vir hulle tot voordeel kon strek nie, behalwe vir die mense van Jona! Toe hulle begin glo, het Ons die straf van vernedering in hierdie aardse lewe verwyder en hulle toegelaat om hulleself vir 'n ruk te geniet.

99. Indien jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer wou, dan sou al die mense op die aarde saam geglo het*. Sou jy dan, indien dit in jou hande was, mense verplig het of gedwing het om gelowiges te word? (*K32:13)

100. En dit is nie vir enigiemand moontlik om te glo nie, tensy dit die Wil van Allah is. En Allah veroorsaak dat die vuilheid van wanorde en misleiding die lewens oorneem van diegene wat nie rede verstaan ten opsigte van Sy Bewyse en Boodskap nie.

101. Sê vir hulle: “Kyk na die Bewyse wat in die hemele en op die aarde en wat alles Bewyse is van Sy beheer daaroor.” Maar, nouja, bewyse en waarskuwers is nooit genoeg vir mense wat in elk geval nie glo nie.

102. Hierdie mense wat jou nie wil glo nie Mohammed, waarvoor wag hulle: wag hulle vir iets om te gebeur soos wat met die volke voor hulle gebeur het voordat hulle sal glo? Sê vir hulle: “Wag dan maar. Ek wag saam met julle.”

103. Dan het ons gewoonlik Ons Boodskappers en diegene wat geglo het gered terwyl Ons die ongelowiges vernietig het. Netso het Ons dit op Onsself geneem om ook nou die gelowiges red.

104. Sê vir hulle: “Mense, indien julle dalk nie seker is wat my Geloof is nie, laat ek nou enige onsekerheid wat daar mag bestaan uit die weg ruim: ek aanbid nie dié wat julle ook nog buiten Allah aanbid nie, maar ek kies om Allah alleen te aanbid, die Een wat die dood na julle toe bring. En ek is bestem om een van die gelowiges te wees,

105. en dat ek myself sterk in Geloof sal maak, 'n goeie voorbeeld, en nooit een van die wat vennote met Allah assosieer nie.”

106. Moenie enigiets anders as Allah, wat julle nie kan bevoordeel en julle nie kan benadeel, aanroep nie. Want as julle dit sou doen, dan is julle sekerlik een van die sondaars.

107. En indien Allah enige teëspoed oor jou laat kom, dan is daar niemand anders as Allah self om dit weg te neem nie. En indien Hy die goeie oor jou pad bring dan is daar niemand wat Sy guns teenoor jou kan omkeer nie. Hy bring dit oor wie Hy wil van sy diensknegte. En Hy is die Meesvergewende, die Baiegenadige.

108. Sê vir hulle: “Mense, ek het die waarheid na julle toe gebring soos wat ek dit by julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer ontvang het: ek is net die Boodskapper. Wie dit dus leiding aanvaar, aanvaar dit tot sy eie voordeel, en wie ook al dit nie aanvaar as leiding nie en so afdwaal van die regte Weg af en nie binne die Wil van Allah wil lewe nie, doen so tot sy eie nadeel. Ek is nie vir julle verantwoordelik nie.”

109. Volg wat aan julle openbaar is, en wees geduldig totdat Allah Sy uitspraak lewer soos 'n Regter in 'n hofsaak, want Hy is die beste van almal om 'n uitspraak te lewer .

Alle Lof kom Allah toe.

O Allah lei my op U regte Weg, sodat ek U leiding sal sien, sal verstaan en daarop sal reageer.

Maar bo alles, laat U Wil in my lewe gebeur.

Amen